

HOOFSTUK VIII.

GEVOLGTREKKINGE.

(a) Gesag en Vryheid in die Geskiedenis van die Onderwys.

By 'n terugblik oor die byna agtien eeue wat verloop het tussen die optrede van Jesus Christus en die leer van Jean Jacques Rousseau tref dit ons dat die vrugbaarste opvoeding daár was, waar die verhevenste opvattinge van beide gesag en vryheid gehuldig is en die ideaal van harmonie tussen die twee die naaste aan verwesenliking gekom het.

Ná die onvergelyklike voorbeeld van Jesus as Leermeester, wat die grootste keerpunt in die wêreldgeskiedenis gebring het, het Paulus en sy mede-apostels die nuwe leer van die vrymaking in Christus deur gelowige oorgawe aan die gesag van die almagtige God in die heidnwêreld ingedra. Die invloed van hul prediking was wonderbaarlik. Die Kerkvaders het die boodskap verder gedra en binne vyf eeue was die oorwinning van die Christendom oor die Grieks-Romeinse heidendom 'n voldonge feit.

Die sukses van hierdie reuse-opvoedingstaak van die vroeë Christene is, menslik gesproke, grootliks te danke aan die feit dat hulle die ewewig tussen vryheid en gesag bewaar het deur die uiterstes van oordrewe vryheid of oordrewe gesag - en daardeur verwatering of vervreemding - te vermy; maar nog meer aan die feit dat én die vryheid én die gesag wat hul verkondig het, die verhevenste was wat die mensheid ooit geken het, en daarom tegeelyk die twee mees fundamentele drange in die menslike hart - die drang na vryheid en sielevrede; en die drang na onderwerping aan 'n transsendente Mag - bevredig het. *

Gedurende die Middeleeue het die ewewig allengs verlore geraak; die idee van die vrye persoonlikheid het hoeltemal ondergegaan in die allesoorheersende gesagsidee - nou die gesag van die kerk en die groep. Die Renaissance-Humanisme het na die ander uiterste oorgeslaan, alle gesagsbande verbreek en

die individu outonoom verklaar. Nóg die middeleeuse beginsel van "Gehoorzaamheid deur gehoorzaamheid", nóg die humanistiese leuse "Vryheid deur die vryheid" het die lewenskrag van die vroeë Christelike opvoeding besit. Die verstarring van die Skolastiek enersyds en die Ciceronianisme andersyds was die gevolg.

Die Hervorming het oor die Middeleeue heen na die gesag van die Woord van God en die vryheid van die persoonlike gewete voor God teruggegryp, en daarom sowel deur die volksoopvoeding as deur die stukrag wat dit aan die volkskool verleen het, die hoogtes van die vroeë Christelike opvoeding geëwenaar. Die harmonie tussen vryheid en gesag wat Luther en Calvyn in hul geskrifte en Cordier in sy skool getref het, en die peil wat hulle beide vir die vryheid en vir die gesag aangegee het, bly vandag nog 'n model. God, die Soewereine, is die Bron van alle gesag; voor Hom moet die doemskuldige mens hom neerbuig. Maar dieselfde God, die allergoedertierenste Vader, is ook die Fontein van die hoogste menslike vryheid, die vryheid van die gewete. Die diens wat Hy van die mens verlang is geen slawediens nie, maar vrywillige liefdediens. In die liefde is vryheid en gesag dus volmaak saangesnoer. Alle aardse gesag, dus ook die gesag van die opvoeder, oor die kind, is deur God aan Sy aardse verteenwoordigers in owerheidsposisies verleen. Juis omdat die opvoeder dus die plaasvervanger van God is, is sy gesagsuitoefening so 'n verantwoordelike werk. Sy gesag is nie grenseloos nie, maar na twee kante beperk: enersyds deur sy verantwoordelikheid aan God, andersyds deur die vryheid van die kind. Hy is dus vry as gesagsdraer, maar gebonde as gesagsonderdaan. Die gesagsdraer staan self ook onder die wet. Die wet is vir die gesagsonderdaan - hetsy opvoeder, hetsy kind - egter geen dwingelandy nie; die liefde tot die goddelike Wetgewer, die toewyding aan 'n liefdevolle Vader, berowe die wet van sy angel. Wetsvervulling word liefdediens, in

vryheid van die gewete gelewer.

Van hierdie verhewe opvatting van gesag was die Jesuitiese gehoorsaamheid "soos van 'n lyk", ver verwyder; vryheid het uit die opvoeding verdwyn. Die vryheid wat die Realisme en die Rasionalisme weer, soos die Humanisme, in die gesag van die mens se eie rede, en die Naturalisme in die mens se natuur gesoek het, het nog verder van die ideaal afgewyk. Trouens; dit was presies die omgekeerde van die Christelike ideaal. Dáár was én gesag én vryheid uit God afgelei, hier beide uit die mens.

(b) Gesag en Vryheid in die beskouing oor die mens.

Die teëstelling waarop ons hierbo gestuit het, spruit voort uit die kernvraag van die opvoeding, naamlik: is die mens "van nature goed" of "van nature bedorwe"? Is die natuur van die mens, soos hy is, normaal of abnormaal? Is die kwaad wat in die lewe tot uiting kom slegs te wyte aan onkunde, onvolmaaktheid en gebrek aan opvoeding, of is dit die gruwelike werklikheid van die sonde? Die antwoorde op hierdie vrae stel die mensdom, en ook die opvoeders deur die eeue, in twee slagordes teen mekaar op: die normaliste en die abnormaliste, aanhangers van 'n antroposentriese en van 'n teosentriese lewensbeskouing en opvoeding.

Die meeste Renaissance-Humaniste by name Erasmus, glo, soos Pelagius vanouds, aan die natuurlike goedheid, die sonde-loosheid van die mens. Daarom is hul ideaal die vrye uit-lewing van die humanitas: die egte menslikheid van die bloot-natuurlike mens, aan wie niks mensliks vreemd is nie. Weldra slaan hierdie mensverheerliking oor in mensvergoding. Hul aanbid die majesteit van die individualiteit. Realiste soos Rabelais en Montaigne (in sy latere leeftyd) sit die tradisie voort totdat dit by Rousseau op 'n brutale idealisering van die sinlike in die natuurmens uitloop. Hier het ons die lewensbe-

skouing van die onwedergebore mens. Vryheid beteken losbandige verbreking van alle gesag wat die mens se natuurlike neiginge beteuel. Hul leer word gekenmerk deur 'n optimistiese geloof in die almag van die opvoeding wat alle onkunde uit die weg sal ruim en 'n ideale staat van sondelose, ontwikkelde, vrye, natuurlike mense sal bewerkstellig.

Christelike opvoeders van alle eeue darenteen erken met Paulus die wet van die kwaad in die hart van die mens. Vir die Kerkvaders, die middeleeuse vaders, die Hervormers, ook vir Vives, Milton en tot 'n groot mate vir Comenius is die ware natuur van die mens dus sy oorspronklike natuur van voor die sondeval. Dit is die natuur wat herstel moet word, die natuur van die geestelike mens. Vryheid beteken dus die oorwinning oor die sondige neiginge, - nie die uitloewing daarvan nie - en die sterking van alle gesagsmiddelle wat die opvoeding in sy stryd teen sy sondige natuur kan steun. Namate die vryheidsgedagte by hierdie Christelike opvoeders helderder lig, na dié mate tree die gedagte van die individualiteit van die kind ook sterker op die voorgrond. Vir die Hervormers lê die waarde van die individu in sy ewighedswaarde. Elke mens, "selfs die domste varkoppasser", het 'n onsterflike siel, wat persoonlik voor God moet verantwoording doen. Nie sy menslikheid nie, maar juis die vonk van goddelikheid in hom, moet tot vryheid opgevoed word.

(c) Gesag en Vryheid in die doel van die Opvoeding.

Die betekenis wat aan "opvoeding tot vryheid" geheg is, is net so wyduiteenlopend as die interpretasies van die gesag waaraan onderwerping geëis is. By die antroposentriese rigting is dit vryheid van bygeloof (Bacon), vryheid van denke (humaniste, realiste, rasionaliste), vryheid om die natuur te volg (Erasmus, Montaigne, Comenius), vryheid vir die onbelemmerde groei van die natuurlike neiginge (Rousseau), vryheid van eie oordeel, onafhanklik van die gesag van boeke, outoriteite

of tradisie (Locke), vryheid van die gesag van die Openbaringsgeloof, vryheid vir 'n deïstiese natuurlike godsdiens (rasionaliste en Rousseau), vryheid vir 'n onafhanklike moraal, vryheid om te twyfel (Bacon, Montaigne). Dit kom daarop neer dat die mens vry moet wees om sy eie rede en sy eie natuur te volg, sonder enige gesag van buite. In soverre hulle gesag erken is dit dan ook bloot die subjektiewe gesag van die eie rede, of die eie natuur. Van 'n objektiewe gesag mag daar geen sprake wees nie. Die klein kindjie mag wel nog aan die streng gesag van sy opvoeder onderwerp word (Locke), of aan die onverbiddelike wet van die fisiese natuur (Rousseau), maar die volwasse individu is sy eie wet. Sy indivualiteit is die hoogste gesag, en die ontwikkeling daarvan die hoogste vryheid.

Die teosentriese rigting darenteen erken onomwonde die behoefte van die mens aan 'n objektiewe gesag en is met niks minder as die hoogste, die gesag van God Self, tevrede nie. Nie altyd is hierdie gesag egter ewe suiwer gesien nie. Gedurende die Middeleeue het die Kerk egter, as plekbekleder van God die Woord van God as gesagsbron verdring; by die Jesuïte het die eis van absolute gehoorsaamheid aan die Orde-owerheid ook die aandag van die ware gesagsbron weggelei; by die Piëtiste het die klem allengs meer op die subjektiewe beleving van die geloof as op die objektiewe eis van die geloof geval. Dis egter die verdienste van die Hervormers dat hulle die gesag van alle menslike kwaliteite ontdoen het en dit nagespoor het tot by sy oorspronklike Bron: die Absolute Soewereiniteit van God oor die nietige doemskuldige mens soos dit in die Woord van God geopenbaar is. Vryheid weer beteken by die teosentriese rigting vryheid van bygeloof en demonevrees, vryheid van die slawerny van die wet, vryheid van sondeskuld, vryheid in Christus, (Paulus) of die "hartgrondigheid" waarmee die geloof aanvaar word (Francke). Die sentrale gedagte bly steeds soos dit deur die Hervormers ten sterkste belig is,

die vryheid van die gewete in Christus. Geen hoër vryheid is denkbaar as gewetensvryheid 1) nie, want geen dwang is gruweliker as gewetensdwang nie. Die Hervormers het dus deurgedring tot die suiwerste interpretasie van die hoogste vryheid en die hoogste gesag.

Vra ons hoe die verhouding tussen vryheid en gesag as doelstellings gesien is, dan is dit opvallend dat, hoe meer die gesagsbegrip verwater is, hoe onbevredigender die vryheidsbegrip is. In die middeleeuse en die Jesuitiese opvoeding staan die "opvoeding tot vryheid" feitlik geheel en al onder die skadu van "opvoeding tot gehoorsaamheid". Selfs Francke wantrou die vryheid van die kind om vry, met "kinderlike dartelheid te speel". Darenteen staan by die antroposentriese rigting die "opvoeding tot vryheid" eensydig op die voorgrond; "opvoeding tot gehoorsaamheid" sou dwang van die individualiteit beteken. Des te merkwaardiger is dit daarom dat die Hervormers wat beide die diepste vryheid en die verhevenste gesag handhaaf, ook die volmaakste harmonie tussen die twee tref. Juis in die liefdevolle toewyding aan 'n liefdevolle Vader vind die individu die vryheid vir sy gewete, die sielevrede in Christus, die volste selfverwesenliking van sy individualiteit 2); die ware, sedelike vryheid. Deur die vervulling van sy goddelike roeping, wat 'n wedersydse gee en neem meebring, bevorder hy tegelyk die gesonde bloei van huis en gemeenskap, kerk en staat, en bereik in die diens van die gemeenskap juis sy sosiale vryheid. Liefde en diens is dus die twee beginsels wat die onderwerping aan gesag in heerlike vryheid omskep.

(d) Gesag en Vryheid in die Inhoud van die Opvoeding

Lewensvreemdheid van die leerstof is die vernaamste faktor wat tot formalisme en dwang gelei het. Die klassieke voorbeeld hiervan is die formele studie van die vreemde Latyn

-
1. Sien Bavinck: "Het Geweten", bundel "Kennis is Leven", pp. 25-26.
 2. Sien Calvinistiese Personalisme bo, p. 151.

à la Cicero, wat die lewe van die Europese kind in die skole van die Humaniste en nog lank daarna, ondraaglik vergal het. Die Realiste het vryheid in die onmiddellikheid, die direktheid van kontak met reële dinge gesoek. Helaas het hulle weer die dwang binnegehaal deur na die uiterste oorlaaiing van 'n ensiklopediese leerplan oor te slaan. Rabelais se bespotlike (en spottende?) opvoedingsprogram, en Comenius se leuse "teaching all things to all men" illustreer die stelling.

Eensydigheid is 'n ander faktor wat onvryheid bewerkstellig. Die eensydig-diesseitige opvoeding van die Humanisme, wat bowendien nog eensydig-linguisties was, en die eensydig-jenseitige opvoeding van die Middeleeue lewer bewyse. Daarteenoor bied juis die middeleeuse opvoeding op sy beste, in die klooster van St. Gall, ons 'n voorbeeld van 'n reusagtige konsentrasieskema 1) wat die hele gemeenskap selfonderhoudend gemaak het, 'n ideaal wat die puikste moderne skoolplaas sou laat watertand het. Dit was 'n opvoedingseksperiment wat as 'n stuk gemeenskapsoopvoeding waarskynlik nog nooit weer geëwenaar is nie, en waarby Rousseau se Robinson Crusoe-skema flou afsteek. Dit was 'n treffende voorbeeld van kontak met die volle, praktiese lewensituasie, gerig op één alles-deurdringende doel, die godsdienstige.

Aan dieselfde beginsel is ook die verreikende invloed van die Calvinistiese hervorming te danke. Die Woord van God het die sentrale plek in die leerstof ingeneem, as grondslag van die wetenskap, maar naas die ewige is volle klem op die aardse lewe gelê. Die natuur, die sosiale, ekonomiese en politieke lewe is beskou as studieveld en arbeidsveld vir die uitoefening van talente tot eer van God 2).

Om aan die eise van beide vryheid en gesag te voldoen, moet die opvoedingsinhoud die kind in aanraking bring met die volle lewe - aardse en ewige - maar moet alle waardes ook vir die kind sinvolle waardes wees 3).

1. Sien bo, p.51.

2. Sien bo, pp. 140-1, 152-3, 169.

3. Sien McCallister: The Growth of Freedom in Educ., pp. 557 vv.

Rousseau se poging om die kind van die dwang van onverstaanbare waardes te bevry deur kontak met die hoër geestelike waardes uit te stel tot naby die twintigste jaar, het die opvoeding tot 'n veel erger slawerny gedoem - dié van "the soul of a prig housed in the body of a barbarian". Die opvoeding moet op elke stadium in al die behoeftes van die kind, as 'n hele mens voorsien - in sy fisiese, psigologiese, intellektuele, sosiale, politiese, etiese, estetiese, filosofiese en religieuse behoeftes. Van stap tot stap moet die waardes wat aan hom voorgehou word egter rekening hou nie alleen met sy verwyderde en uiteindelijke behoeftes nie, maar ook met sy onmiddellike behoeftes en sy momentele rypheid.

(e) Gesag en Vryheid in die Metode van die Opvoeding.

Op die gebied van die onderwysmetode is dit veral die vraagstuk van motivering wat in die nouste verband met vryheid en gesag staan. Byna alle groot opvoeders het na middele gesoek om die kind spontaan, van binne uit, tot die studie aan te lok, in plaas van hom van buite af aan te dryf. Niemand minder as Jesus Self het die voorbeeld gestel om by die betreklikheid van sy hoorders aan te pas deur in eenvoudige gelykenisse tot hulle te spreek. Paulus het die nuweling met "melk" gevoed, en die gevorderdes met "vaste spys". Augustinus het reeds die spontane aktiwiteite van die kind as die doeltreffendste motivering aanbeveel: 'n kind leer die maklikste deur spelonderwys na te boots soos hy sy moedertaal leer; hy leer loop deur te loop, en korrek praat deur na die lewende taal te luister, nie deur grammatikareëls te leer nie.

Die Humaniste het die vryheidsbeginsel in die ou leuse, "Volg die natuur," uitgedruk, en soos 'n refrein is dit deur die realiste, rasionaliste ^{en} naturaliste herhaal. Agter hierdie banier het in die loop van die eeue 'n indrukwekkende

skare vryheidsgedagtes aangegroei: aangename metodes, speel- metodes, maklike metodes, psig^ologiese metodes wat by die kinderlike aard en ontwikkeling pas, byvoorbeeld die direkte metode vir taalonderwys (Erasmus); die induktiewe metode om die kind sy eie taalreëls uit die lewende taal en letterkunde te laat opstel in plaas van hom lywige grammatikaboeke te laat memoriseer (Vives); gradering van leerstof vir verskillende klasse, en klasboeke dienooreenkomstig opgestel (Comenius); direkte ervaring deur middel van die sintuie, dus aanskouings- onderwys (Bacon, Comenius en Rousseau); direkte ervaring deur eie persoonlike oordeel in plaas van op gesag van boeke en onderwysers (Montaigne en Locke); inagneming van individuele verskille in aanleg, die beginsel van selfaktiwiteit en talle ander.

Daarteenoor het die idee nog hardnekkig bly voortlewe dat die onderwyser alle gesag in hande het om die kind te laat leer wat hy wil; om die emmer van die kind se verstand uit die kraan van sy kennis vol te tap (Comenius); om die tabula rasa van die kind se verstand te beskrywe, of om die was te vorm, na sy beliewe (Locke). Selfs Rousseau met al sy aanbidding van die natuur van die kind was nog oortuig dat die onderwyser met die nodige kontrole oor die kind se omgewing en skyn-vryheid, die leerling volkome in sy mag het.

Opvallend is dat, sodra die gesagsidee nie deur vryheid getemper word nie, allerlei mistastinge voorkom. So beskou Comenius die leerling nog as 'n passiewe wese, 'n emmer wat volgetap moet word; en so ontaard Rousseau se hoogsproeiende selfuitvindingslesse tot blote "aan-die-neus-lei-lesse"; waarin die oorywerige onderwyser deur sy oorhaastige suggesties alle inisiatief aan die leerling ontnem.

Omgekeerd, waar die vryheid nie deur gesag getemper is nie dreig dadelik die gevaar van uitspattinge. Beide Vittorino se "Huis van Vreugde" en Cordier se Calvinistiese Kollege

was toonbeelde van 'n huislike, gesellige atmosfeer van vryheid, kameraadskap en openhartige, vrymoedige omgang tussen opvoeder en leerlinge. Cordier het 'n hardwerkende leerling selfs toegelaat om te sit en sing terwyl hy skryf. In beide gevalle kon so 'n vryheid 'n sukses wees, omdat die opvoeders die persoonlikheid besit het om gesag uit te oefen. 'n Mens kan jou voorstel tot watter anargie dit onder Rousseau se laissez faire-beleid sou gelei het. Die vryheid om op kinderlike wyse te speel, wat Luther en Fénelon aanbeveel, het onder Rousseau se stelsel beteken dat die kind die eerste twaalf jaar van sy lewe feitlik niks anders doen as speel nie. Erasmus se beleid om die kind geleidelik te leer, soos 'n mens 'n pappegaai leer praat, het onder Rousseau tot 'n negatiewe opvoeding ontaard, waarin die kind glad nie geleer word nie maar aan homself oorgelaat word om te leer wanneer hy self wil.

[Seker die noodlottigste van hierdie vryhede, mits dit nie deur behoorlike gesag beteuel word nie, is die leer dat die onderwys so aangenaam as moontlik gemaak moet word. Dit gee aanleiding tot allerlei kunsmatige motiveringsmiddele: beloning en wedywer (Jesuite), omkoperij (Rousseau); eersug (Humaniste, veral Erasmus) en vermaak - almal middele wat op die onedele motiewe van die kind 'n beroep doen teneinde innerlike motivering te bewerkstellig. Vermaak, omkoperij en eersug veral is opvoedkundig noodlottig. Prikkeling van die eergevoel is onmisbaar, maar eersug, die begeerte om uit te blink en geroem te word, beteken die dood van alle Christelike nederigheid en beskeidenheid. Teen beloning en wedywer as tydelike middele is daar geen ernstige beswaar nie, mits 'n gesonde gesag waak dat laasgenoemde in 'n vriendskaplike gees van kameraadskap plaasvind, en eersgenoemde waarlik beloning bly - 'n toegif ná gedane werk, en nie 'n vooraf-be-loofde omkoopprys nie.

Hierdie wondermiddele teen inherente onaantreklikheid van die studie bly egter onbevredigend. / Die enigste waarlik doeltreffende en blywende motivering is om die kind se diepste begeerte om uit pligsbesef sy beste te lewer, op te wek. Vir die jong kind moet die werk kunsmatig veraangenaam word; maar allengs moet die vryheidselement deur die gesagselement vervang word, en moet hy leer om selfs onaangename, oninteressante take te vervul, as sy plig dit eis. So alleen leer hy die intellektuele dissipline, en tegelyk die wilsdissipline, wat jammerlik ontbreek in die leer van Montaigne en Rousseau. Waar gesag en vryheid in die metode harmonies saamwerk, word andersyds die uiterstes van die slaanmanie en die formele dissipline, wat alles opsetlik so moeilik en onaangenaam as moontlik wil maak, vermy, en andersyds die gevaar van blote vermaak, ontspanning en suikerpedagogiek.

(f) Gesag en Vryheid in die Tug. 61-196 Gesag - vryheid

Die standpunt wat deur opvoeders deur die eeue ten opsigte van gesag en vryheid ingeneem is, hang ten nouste met hul opvatting van sonde en van die sedelike aard van die kindernatuur saam.

Feitlik alle ernstige opvoeders vanaf Jesus tot by Locke, huldig die noodsaaklikheid van meer of minder strenge uitoefening van persoonlike gesag. 'n Skrilte teëstelling met hierdie eis word egter gevorm deur diegene by wie die sondebegrip verwater, of so goed as weggeredeneer is: Rabelais met sy leuse: "Doen wat jy wil", Montaigne met sy beleid dat wat die natuur voorskryf reg is, en Rousseau met sy uitskakeling van alle persoonlike gesag oor die kind. Dit bewys dat die kernvraag in die tug is, nie of ons wil straf nie, maar of ons die sonde wil erken as 'n vernietigende mag wat gestuit moet word. Almal is egter eenparig in hul veroordeling van dwang en geweld: Paulus sowel as Erasmus, Clemens sowel as Rabelais, Gerson sowel as Montaigne, Calvin sowel as Rousseau.

Comenius se treffende beeld tipeer 'n wyd-gehuldigde standpunt: die musikus breek en slaan nie sy kosbare instrument as hy nie daarin slaag om suiwer klanke daaraan te ontlok nie, maar hy plaas hom geduldig neer om dit te stem.

'n Tweede stelling wat ons wil waag, is dat strengheid hetsy in die straf, hetsy in die toesig - die vryheid oorska-du by diegene wat die kindernatuur met wantroue bejeën omdat hulle die betekenis van die genadeverbond uit die oog verloor het. Daarom oorweeg streng strawwe in die middeleeuse skole, en speel hulle 'n belangrike rol by Mulcaster, Francke en Locke. Daarom ontaard ook die toesig in 'n rigoristiese bewaking in die middeleeuse "Constitutiones Lanfranci", in die humanistiese skoolpraktyk, soos die Statute van die Westminster-skool van 1560 getuig 1); in Vives se opvoeding van die meisie, in die Jesuitiese "kliksteeem", by Francke, Locke en miskien nog allermees by Rousseau. Lyfstraf beklee 'n ereplek by dieselfde groep wat streng strawwe voorstaan: in die vroeë Middeleeue was houe met die lat oor die naakte liggaam, selfs vir nietige skoolfoutjies, iets alledaags; Mulcaster se lat was altyd byderhand en was beslis geen ornament nie; Francke het sy sterkste ondersteuner se kind uit sy skool verloor weens sy slaanpraktyk; en Locke het geen beter middel teen koppigheid geken as slae nie. Die meeste ander opvoeders, Rousseau natuurlik uitgesonderd, beskou lyfstraf as 'n noodsaaklike uiterste middel, maar uit wyd-uiteenlopende beweegredes: die humanistiese rigting, byvoorbeeld Vittorino, Erasmus, Vives en Montaigne, plaas die klem op die "uiterste", omdat lyfstraf vernederend, slaafs en 'n vryman onwaardig is; die teosentriese rigting laat die aksent op die "noodsaaklike" val, omdat die sonde gestuit en die siel gered moet word. Jesus het slegs ^{twee} ~~een~~ maal na die sweep gegryp, om

1. Sien bo, p. 130.

die verontreinigers van die tempel uit te drywe; Augustinus wou deur dwang en straf die aangebore jeugdwaasheid beteuel; Luther beskou lyfstraf as 'n geestelike self/vir die krankheid van die siel; Cordier wou liefds die bosse latte weggooi, maar behou hul slegs vir die deugniete; Fénelon, die Jesuïte en Comenius gebruik lyfstraf alleen vir growwe sedelike oortredinge.

In al die gevalle, behalwe één, waarin ons hierbo die streng straf en bewaking aan wantroue in die kindernatuur toegeskrywe het, is die betekenis van die genadeverbond juis misken omdat oordrewe klem op die sondige natuur van die kind geleë is. Selfs Francke met al sy piëtistiese vroomheid het die kind nie in die eerste plek as 'n kind van die genade gesien nie, maar het selfs sy speel-lus as 'n sondige neiging beskou. Die één merkwaardige uitsondering op die reël is Rousseau. Rousseau het aan die sondelose natuur van die kind geglo, maar so'n wantroue in hom gekoester dat hy hom tot vlak voor sy huwelik dag en nag bewaak het. Cordier darenteen het aan die sondige natuur van die mens geglo, maar so'n vertroue in die seuns gestel dat hy hulle sonder geleide stad toe laat gaan het, en 'n suksesvolle stelsel van leerling-regering aan sy skool toegepas het. Die skynbare teenstrydigheid is alleen daaruit te verklaar dat die Christen wat aan die sondige natuur van die mens glo, ook aan die almag en genade van God en aan Sy verbond met Sy kinders glo. Dus kan hy die kind vertrou, omdat hy op God kan vertrou. Die ongelowige darenteen, wat die sonde ontken, ontken ook die genade van God. Hy is dus op sy eie krag aangewys, en ontbeer die steun van Gods genade. Hierdie treffende teëstelling tussen Cordier en Rousseau illustreer duidelik die waarheid dat die mens onder die gesag van God veel vryer is as onder sy eie gesag.

Die prikkeling van die eersug is nog 'n middel wat ons veral aantref waar die besef van die sondige natuur van die

mens nie kragtig voortlewe nie. Die Renaissance-Humaniste, by name Erasmus, het die onsterflike roem en eer van die nageslagte as die hoogste aardse ideaal gesien. Selfs Locke, wat die natuurlike neiginge wou uitroei, het ouers aangeraai om die kind se ydelheid te streef deur met sy kennis te spog. Augustinus en Vives darenteen, wou die ydele begeerte om uit te blink deur die veel edeler motiewe van diens en liefde oorwin.

Uit die voorgaande is dit duidelik dat die resultaat onbevredigend is (1) waar gesag eensydig beklemtoon word, sonder bewuste erkenning van vryheid as 'n tugbeginsel, byvoorbeeld in die streng strafpraktyk van die Middeleeue, die kadawergehoorsaamheid, die oormaat van reëls en die streng bewaking van die Jesuïte; (2) selfs waar vryheid as 'n beginsel erken word maar die ewewig nog verstoort word deur 'n oorwig van gesag, byvoorbeeld in die toesig by Francke, Locke en Rousseau, in Vives se sedelike opvoeding van Maria Stuart deur 'n lyfwag van honderde voorskrifte, of Comenius se naerstige inskriping van godsdienstige waarhede, en in Francke en Locke se aandrang op breking van die sondige of die koppige kind se wil; (3) waar vryheid feitlik alleenheerskappy voer, byvoorbeeld in Rabelais se "doen-wat-jy-wil"-beleid, in Montaigne se optimistiese, nuwe geloof dat die natuur self die teuels sal inhou, en in Rousseau se verderflike laissez faire-politiek om alles deur die vingers te sien omdat die kind nog geen kwaad sou kan doen nie, en die natuur self sou straf deur die natuurlike gevolge van 'n daad; en (4) selfs ook waar die vryheid oorheers omdat dit deur te min gesag of 'n onbevredigende gesag getemper word, byvoorbeeld in Rousseau se "well-regulated liberty", Montaigne se "natural facility" van die deug en Locke se onderwerping aan die eie rede alleen (in die latere stadia). In hierdie gevalle is daar geen objektiewe gesag nie, slegs 'n interne gesagsbeginsel: die nut by Rousseau,

die natuur by Montaigne en die rede by Locke. Daarom mis die gesag van die ouer by Locke alle goddelike sanksie en moet die ontsag met behulp van onnatuurlike strengheid in die kind ingeplant word. Daarom ontbreek ook by Montaigne en Rousseau alle sprake van wilsinspanning, en word die gesag van die plig aan die vryheid van die genot opgeoffer.

(Waar die Wet van God as die hoogste gesag oor beide opvoeder en kind erken word, maar tegelyk die oorgawe aan Christus as die hoogste vryheid; daar heers ewewig tussen vryheid en gesag, ook in die tugmiddele.) Jesus, Paulus, die kerkvaders en die Hervormers handhaaf die noodsaaklikheid van streng gesag, in uiterste gevalle desnoods lyfstraf, om die siel te red; maar hulle handhaaf ook ewe sterk die vryheid van die kind. Paulus waarsku dat vaders hul kinders in alle waardigheid in onderdanigheid moet hou; Origenes dat die siel nie gedwing kan word nie, maar tot vrywillige selfbedwang gelei moet word; Augustinus dat die vrees deur die liefde oorwin moet word; Gerson dat die beminlikheid en speelsheid van die kind nie geweld aangedoen moet word nie; en Luther dat vrees vir die roede die kind nog nie sedelik maak nie. Die groot figure van die teosentriese opvoeding handhaaf dus naas die hoogste gesag ook die hoogste vryheid as die twee grondpilare van die tug.

Die ideale tugmiddele is dié waarin die harmonie tussen hierdie verhewenste vorme van gesag en vryheid weerspieël is. (1) Eerstens is die tug 'n saak van gewetensvorming, waardeur die hoogste innerlike beginsel, die gewete, gevorm word tot vrywillige gehoorsaamheid aan die hoogste objektiewe gesag. Jesus het die gebruik van hierdie middel op aangrypende wyse geïllustreer deur aan die beskuldigers van die sondares te sê: "Laat dié een van julle wat sonder sonde is, die eerste 'n klip op haar gooi", en deur sy indirekte metode om die aandag op 'n gelykenis te vestig in stede van die spieël teen die

oortreder se gesig te druk. (2) Tweedens was liefde en eerbied vir die vaderlike persoonlikheid van die opvoeder die geheim van die sukses van Cordier, die Jesuïte en Vittorino. (3) Spontane navolging van sy voorbeeld is 'n verdere middel waarin sy gesag deurwerk sonder om die vryheid van die leerling geweld aan te doen. (4) Uit die gesonde verhouding tussen opvoeder en kind vloei vierdens vertroue in die opvoeding voort. Min ander middelle het so 'n onberekenbare invloed ten goede op die kind. Dit spreek uit Jesus se verbluffende vertroue ^{e)} ~~loop~~ in die oorspelige vrou: "Gaan heen en sondig nie meer nie"; uit die vryheid wat Cordier aan sy leerlinge toestaan om sonder toesig uit te gaan, en uit sy selfregeringstelsel; hy kon dit waag omdat hy hulle in hul gewete aan God verantwoordelik gestel het. (5) Gewoontevorming, praktiese oefening, waardeur die handeling wat deur die gesag verlang word tot 'n tweede natuur word, is 'n vyfde middel. Jesus het dit beoefen, Augustinus, Gerson, Comenius en selfs Locke het dit sterk bepleit. (6) 'n Besonder waardevolle middel vind ons in die godsdienstige jeugvereniging, waarvan ons 'n merkwaardige voorbeeld het in die Vereniging van die Sodaliste, wat een van die grootste geheime van die sukses van die Jesuïteskole was. Deurdat lidmaatskap daarvan as die hoogste eer slegs aan die allerbestes - sedelik en intellektueel - toegesê is, en deurdat die leiers van alle ander skoolverenigings uit hierdie een getrek is, was dit 'n magtige prikkel om die innerlike drang tot die goeie, die beste, op te wek. (7) Die arsenaal van die krag van alle opvoeders van die teosentriese rigting vind ons in die gebed. Jesus het daarin voorgegaan; Paulus, Augustinus, Luther en Calvyn het sy voorbeeld gevolg. Cordier het sy leerlinge bowendien nog geleer om self in die gebed te worstel om vooruitgang te maak in die uitlewing van die goeie. Dis 'n middel waardeur die opvoeding hom in sy diepste wese met die hoogste eise van die ge-

e) Sien Aantek. b), p. 397 A.

sag vereenselwig.

Deur hierdie indirekte middele het Christelike opvoeders deur die eeue die kwaad probeer voorkom. Was die kwaad egter eenmaal gepleeg, en was die straf eenmaal nodig, dan het hul nie gehuiwer om gesag, selfs streng gesag, uit te oefen nie. Steeds is egter die straf by die eise van die omstandighede aangepas. Jesus, wat vir Petrus die harde woord, "Gaan weg agter my, Satan!", toegevoeg het, het nadat dieselfde Petrus Hom driemaal verloën het, slegs met een smartvolle blik die hart van die skuldige gebreek en sy lewenslange toewyding gewin. Deur skaamte en berou, en daarna vergiffenis en versoening, het Hy tot die gewete gesprek. As die gewete van die skuldige hom dan self aankla, hoef die opvoeder geen gesag van buite meer aan te wend nie. Gesag en vryheid is in hierdie middele in volkome harmonie. Hoe groot die kloof tussen die teosentriese en die uiterste antroposentriese tug is, blyk daaruit dat nouliks één van die bogenoemde tugmiddele in Rousseau se werk voorkom.

Uit hierdie oorsig oor die tugmiddele van die Christenopvoeder deur die eeue blyk ten slotte dat die kind nie alleen deur gehoorsaamheid tot gehoorsaamheid opgevoed moet word nie, maar ook deur vryheid tot gehoorsaamheid; en daarbenewens nie alleen deur vryheid tot vryheid nie, maar ook deur gehoorsaamheid tot vryheid 1).

(g) Gesag en Vryheid in die Rol van die Onderwyser.

Ten slotte bly nog één vraag oor: watter rol moet die opvoeder speel om die ewewig tussen sy gesag en die vryheid van die kind te bewaar? Reeds die "Lofrede op Origenes" deur 'n leerling van hierdie kerkvader bevat 'n uiteensetting van vryheid in die verhouding tussen opvoeder en opvoedeling wat McCallister as een van die beste in die geskiedenis van die onderwys beskrywe 2). Deur 'n seldsame verbinding van

1. Sien du Toit: Tug, Vryheid en Straf in die Opv., pp.12-16.
2. Sien bo, p.25.

minzaamheid, oortuigingskrag en 'n onweerstaanbare persoonlikheid het Origenes daarin geslaag om sy leerling die groot lewenswaardes van die mensheid te laat aanvaar en hom in soverre eenswillend met sy opvoeder te maak. Soos by 'n boom wat geënt is het hy die twee strome sap laat ineenvloei, en die vrye siel van sy opvoeding na 'n vrywillige onderwerping aan die gesag gelci, sonder om hom geweld aan te doen.

Ten spyte van hierdie duidelike beeld is die kind vir eeuelank nog beskou as 'n passiewe ontvanger met 'n geheuevermoë "equal to the measure of twelve oyle budgets" (Rabelais), 'n leë emmer wat gevul moet word (Comenius), 'n skoon vel papier wat beskrywe of 'n stuk was wat gemodelleer moet word (Locke). Die opvoeding was 'n eenrigting-proses. Sedert die Humanisme het egter langamerhand die insig begin deurskemer dat die onderwyser die natuur moet volg, dit wil sê, by die kind se aanleg, maar ook by sy bevatlikheid, moet aanpas. Montaigne het tereg die konsekwensie hieruit getrek dat die kind eintlik in soverre die onderwysproses moet lei en dat die onderwyser hom moet volg. Die onderwyser behou nog sy gesag, hy bepaal nog die rigting, maar die kind se vermoë bepaal die maksimumspoed. Die onderwyser laat die kind soos 'n vullietjie voor hom uitdraf; hy volg, en pas sy spoed by dié van die vullietjie aan. Hier tree die onderwyser dus vir die eerste keer op die agtergrond, terwyl die kind die leiding neem. Dis 'n gesigspunt wat groot moontlikhede, maar ook groot gevare inhou.

By Rousseau het die teorie al dadelik tot die radikale uiterste gelei dat die onderwyser van alle persoonlike gesag afstand doen, in teorie altans, en hom sentimenteel neerbuig voor die majesteit van die kind. Om die uitwerking van hierdie leer juis te beoordeel, moet ons onderskei tussen die rol van die opvoeder in die metode en in die tug. Teoreties was Rousseau se metode dat die onderwyser steeds moet uitstel om

die kind iets te leer, en dat die kind alles self moet uitvind. Hy moet die wetenskap herontdek. Prakties was hierdie vryheid egter blote skyn, en het die onderwyser alle inisiatief uit die hande van die kind geneem. Die bedoeling van hierdie teorie is dat die kind in direkte aanraking met sy buitewêreld gebring moet word. Wat hier blykbaar uit die oog verloor word is dat, as die "buitewêreld" invloed op die kind mag uitoefen, dit tog dwaas is om die opvoeder self uit die buitewêreld uit te sluit en juis hom die reg en die plig tot opvoeding te ontnem. Die onderwyser mag hom nie van sy plig onttrek en op die agtergrond gaan wegkruip nie. Hy mag nie met die minimumprestasie van die kind tevrede wees nie; hy moet hom aanmoedig, tot wilsinspanning en volharding aanspoor en inspireer, positiewe hulp verleen, desnoods dwing om sy maksimum te lewer. Hy moet sy gesag uitoefen. Een voorbeeld houd beperk egter sy poginge: hy moet aansluit by wat deur die kind as sinvol aanvaar word, by wat McCallister noem "the pupil's highest sense of relevancy.... He knows that no teacher can be inspired by a concept of freedom who is afraid or unwilling to apply directly or indirectly, the coercion that is necessary to make his pupil maintain the values to which he himself has owned allegiance" 1). Deur by die leerling se eie sin vir waardes te begin, en dit van daar uit te veredel en uit te brei, doen hy 'n beroep op die magtigste innerlike dryfkrag - "that strength of purpose which the submission of one's life to the demands of the highest inevitably brings".2).

Dis omdat Jesus van hierdie beginsel uitgegaan het: "Nog baie dinge het ek om vir julle te sê, maar julle kan dit nou nie dra nie", omdat hy by die hoogste waardes van sy dissipels aangesluit het, geleidelik hulle waardes tot die "één ding is

1. McCallister, The Growth of Freedom in Educ., p.564.

2. McCallister, ibid., p.565.

nodig" veredel het, dat hy 'n ruwe visser tot die "petra" van die Kerk kon opvoed 1).

Nog verderfliker as op die gebied van die metode is Rousseau se leer van afstand doen van die gesag op die gebied van die tug. Waarom sou die gesag van die persoon skadeliker wees as die wisselvallige gesag van die natuurwet en die natuurlike gevolge? Dit beroof die kind van "the most formative of all experiences - the atmosphere of human personality and aspiration" 2). Dis eers wanneer ideale in 'n menslike persoonlikheid beliggaam is "that they exercise that gentle compulsion which binds us to them by the indissoluble bonds of liberty 2). Wat meer is, dit ontken die gesag wat die opvoeder kragtens sy amp oor die opvoedeling het. Die opvoeder oefen hierdie gesag namens God uit; dis 'n plig en 'n verantwoordelikheid wat hom opgelê is. Hy mag dit nie na willekeur prysgee nie. Hy is as gesagsdraer geroepe om die onrype kind se behefte aan gesag en kragtige leiding te bevredig. Hy mag hom nie van hom afstoot, hom tot twyfel verdoem, en dan sy hande in onskuld was nie. Ewemin mag hy sy gesag egter misbruik om sy opvoedeling deur indoktrinasië 'n replika van homself te maak. Hy is die instrument wat die kind tot vrywillige aanvaarding van die hoogste objektiewe lewenswaardes moet lei. Die beste metode om dit te doen is deur die krag van 'n liefdevolle, vaderlike, onweerstaanbare persoonlikheid wat die kind in liefde en vryheid nie net na hom toe nie, maar deur hom na die hoogste lewenswaardes toe trek. Die kind ontvang eers oortuiging, sê Waterink 3) deur hom aan ander se oortuigings te onderwerp. Dit was dan ook die geheim van die sukses van Jesus, Origenes, Vittorino, Cordier en die

-
1. Sien bo., p. 14.
 2. McCallister, p. 563.
 3. Waterink, p. 691.

Jesuite.

Ook hier bly die eis egter staan dat die opvoeder by die kind se lewenswaardes moet aansluit en van daar uit groter perspektiewe vir hom moet open. Dan heers daar harmonie tussen sy gesag en die vryheid van die kind. Met hierdie harmonie of ewewig word nie bedoel dat gesag en vryheid in gelyke mate aangewend moet word nie. Hoewel die gesag die rigtende invloed is, werk die ware opvoeder spaarsaam met sy gesag. Hy hou grootmoedig sy gesag in om opsetlik aan sy leerling, op elke stadium van sy lewe, soveel vryheid toe te staan as waarvoor hy ryp is. So word die ideale verhouding, bereik wat ons by Paulus in hierdie woorde geteken het: uitoefening van gesag in 'n gees van liefde; onderwerping aan gesag in 'n gees van vryheid.

(h) Slot.

Nadat ons die geskiedenis van vryheid en gesag in die opvoeding oor 'n tydperk van byna agtien eeue nagegaan het, is ons in die oortuiging bevestig dat gesag sonder vryheid, dwang is, en vryheid sonder gesag 'n onding. Ons het verreikende verskille teëgekoms in die opvattinge van die hoedanigheid van gesag en vryheid. Die subjektiewe gesag van die mens se rede of die mens se natuur oor homself, en die louter-menslike gesag van mens oor mens, wat die antroposentriese rigting poneer lei tot onvryheid. Die enigste bevredigende gesagsopvatting is die objektiewe gesag van die teosentriese rigting. God is daár die hoogste gesag oor die mens, en ook die bron van alle gesag van mens oor mens. Om voor God te buig is vryheid, om voor mense te swig is knegskap. Vryheid buitekant die perke van 'n objektiewe gesag is geen vryheid nie, maar slawerny. Vryheid kan inderdaad nie gedefinieer word sonder die vermelding of die suggestie van gebondenheid nie. Net soos die vis sy vryheid in die

gebondenheid aan die water vind, en die lokkende "vryheid" van die sonnige strand vir hom niks anders as die wurgende dood beteken nie, so vind elke skopsel sy vryheid, sê Waterink, wanneer hy in sy element is, wanneer hy vry is van alle bande wat strydig is met sy wese. Die mens vind sy element, sy wese, in Christus. Eers as hy deur Christus oorwin en verlos is, en hom vrywillig onderwerp aan die wet van sy God, dan is hy vry. 1).

Ewewig tussen vryheid en gesag in die opvoeding vind ons wanneer vryheid en gesag in al die aspekte van die opvoeding, harmonies saamtrek. Sterk vryheidsbeginsels in die tug, gepaard met miskenning van vryheid as 'n doel, soos by die Jesuïte, maak die opvoeding nog nie vry nie. Die naaste aan die ideaal kom die teosentriese opvoeding, veral soos dit in die skool van Cordier, die pedagoog par-excellence van die Calvinisme in die tydperk van sy opkoms, toegepas is. Die vryheid in Christus deur vrywillige oorgawe aan God is die hoogste doel. Die kind moet én tot vryheid én tot gehoorsaamheid opgevoed word. Met bostaande opvatting van vryheid en gesag is daar geen teenstrydigheid tussen hierdie eise nie, maar volmaakte harmonie. Geen beroep op die kind as 'n redelike wese, geen prikkeling van sy eersug is boter bereken om die kind se persoonlikheid en sy verantwoordelikhedsbesef te sterk as hierdie persoonlike eties-religiöse verhouding, waarin hy self voor God gestel word nie 2). Die beskouing oor die kind as gebind deur die sonde maar verlos deur die genade skakel alle dualisme in die opvatting van die menslike natuur uit. Die onderwyser se taak is om die kind deur liefde en eerbied vir sy persoonlikheid tot aanvaarding van die hoogste lewenswaardes te trek. Dan moet

-
1. Sien Waterink : Inleidings tot die teoretiese Paedagogiek, p.368.
 2. Sien Kuypers : Het Onbewuste in die nuiewere paedagogiese Psychologie, p.160.

sy hele lewensuiting egter 'n beademing van die Christelike gees wees, want "niet de bedompte lucht der graven, maar de frissche geur des levens, lokt tot ingaan in uw tente uit. En nu, die frischheid des levens ze ontkiemt niet dan op de wortel des geloofs" 1). Die inhoud van die opvoeding bring die kind met die volle werklikheid - die aardse en die ewige - in aanraking en bevry hom dus van die dwang van enge eensydigheid. Die metode en die tug neem beide die regte en die pligte van die kind, sy vryheid en sy gehoorsaamheid, sy eie waardes en die opvoeder se waardes in aanmerking; dit seek aansluiting by sy eie innerlike dryfkragte, maar lei hul tot steeds edeler selfverwesenliking. Die opvoeder se taak om ewewig tussen gesag en vryheid in die metode en die tug te vind, word deur McCallister in sy weloorwoë definisie van vryheid in die opvoeding treffend weergegeë: "Freedom in education may therefore be defined as the finding, maintaining, and extending of the highest relevant value common to the pupil's conception of the requirements of his life and the educator's conception of the aspirations that sustain all human activity" 2).

'n Opvoeding wat so die ewewig tussen vryheid en gesag, bewaar hoof ook nie die vryheid bloot as 'n dekmantel te gebruik, soos Fénelon en Rousseau nie. Die opvoeder probeer nie sy gesag onder 'n skynvryheid versteek nie. Hy laat die kind van jongs af die egtheid van die gesag waaronder hul albei staan, as 'n steunende mag in sy lowe ken en liefhê; en hy gee hom van stap tot stap die volle, egte vryheid waarvoor hy ryp is.

As opvoeders van hierdie waarhede deurdring is, as hul persoonlikhede van hierdie gesindheid deurstraal is, as hul opleiding hul vir hierdie heerlike taak - die opvoeding van

1. Kuyper: Het Beroep op het Volksgeweten, p.30.
 2. McCallister: The Growth of Freedom in Educ., p.564.

die jong geslag tot die hoogste vryheid deur die oorgawe
aan die hoogste gesag - toegorus het; dan sal daar ware
harmonie tussen vryheid en gesag in die opvoeding wees.